Citrus Growers' Association
OF SOUTHERN AFRICA
Grower levies working for you!

# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (35/15)*

justchad_cga


*Justin Chadwick 11 September 2015*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Everything that irritates us about others can lead to an understanding of ourselves" Carl Jung***

## JAARLIKSE SITRUS KOöRDINERINGSVERGADERING

Op 30 September gaan DAFF hul jaarlikse Sitruskoördineringsvergadering by die Tzaneen Country Lodge van 09:00 tot 14:00 hou. Persone wat die vergaderings bywoon beskou die vorige jaar se prestasies op 'n eerlike harde manier, bespreek veranderinge en verbeteringe en planne vir 2016. Hierdie vergadering is 'n moet vir alle sitrus uitvoerders en 'n geleentheid vir almal om te deurlopende verbetering te verseker. RSVP aan gloria@cga.co.za.

## INDONESIë




Hul sê 'n prentjie vertel 'n duisend stories – die grafiek (deur SHAFFE sekretariaat opgestel) toon dat varsvrugte-invoere na Suid-Korea (blou), Indië (groen) en Thailand (pers) almal dieselfde stygende tendens getoon het. Dit is slegs Indonesië (rooi) wat 'n skerp afname in 2012 tot 2013 getoon het weens beskermende beleide en regulasies – die onderwerp van 'n WTO dispuut. Tydens Augustus het 'n Indonesiese afvaardiging Suid-Afrika besoek om die proses van "mutual country recognition" af te handel.

## "HOW BEIJINGS'S SKY GOT BLUE"

Toe die Fruit SA afvaardiging laas Saterdag in Beijing aankom, was die lug blou – rêrig blou. Die rede was dat die militêre parade die week vantevore in die stad was – om besoedeling te verminder sodat die parade in 'n pragtige blou hemelruim gehou kan word, is streng regulasies afgekondig – werk by fabrieke wat besoedel, en konstruksie-terreine is opgeskort en vervoer is ingekort. En dit het gewerk – vlakke van PM2.5 (luggedraagde partikels kleiner as 2.5 mikron in deursnit wat die longe kan binnedring en gesondheid benadeel) het van 66.4 mikrogram per kubieke meter 'n jaar gelede na 17.8 mikrogram gedaal; 'n 73.2% vermindering. Stikstofdioksied het van 47.4 mikrogram tot 22.7 gedaal – 'n 52% vermindering. Wanneer die Sjinese besluit om iets te doen, dan doen hulle dit.

Gelukkig vir ons in die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf het die Sjinese besluit om Suid-Afrikaanse sitrus te koop – pomelo uitvoere na China het gestyg vanaf 654 000 kartonne (2013), na 932 000 kartonne (2014) na 1 342 000 kartonne in 2015. Nawel lemoene het toegeneem vanaf 532 000 kartonne (2013) tot 'n vlak van 630 000 in 2014 en 2015. Tot einde week 36 het valencia lemoene se uitvoere na China vanaf 1 120 000 kartonne (2013) tot 1 578 000 (2014) tot 1 829 000 kartonne sover vir die jaar gestyg.

Op Dinsdag oggend het ons agtergekom dat besoedeling begin het om die helder blou Beijing se lug te verander na 'n ligter skakering en teen 2 nm was die lug weereens grys. [Vir ons Suid-Afrikaners wat lief is vir braai het die volgende stuk van 'n artikel oor die besoedeling my oog gevang **"we have exposed over 1 000 violations, mainly from vehicles with excessive exhaust emissions and outdoor barbecues"].**

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 36 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 17.8 m | 15.3 m | 16 m | 14.5 m | 15.6 m | 15.3 m | **16 m** | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 8.1 m | 9.7 m | 9.7 m | 9.2 m | 9.6 m | 10 m | **9.9 m** | 10 m |
| Suurlemoene | 10.3 m | 13 m | 14.4 m | 12.7 m | 14.2 m | 13.6 m | **14.4 m** | 13.2 m |
| Nawels | 25.3 m | 25.7 m | 24.3 m | 25.5 m | 24.3 m | 25.1 m | **24.3 m** | 26 m |
| Valencias | 38.7 m | 38.9 m | 39.8 m | 30.2 m | 32.9 m | 49.1 m | 49.8 m | 50.9 m |
| Totaal | 100.2 m | 102.6 m | 104.2 m | 92.1 m | 96.6 m | 113.1 m | 114.4 m | 115.7 m |

**Produsente in suider-Afrika het in hul toekoms belê deur die stigting en voortgesette befondsing van die CGA, XSIT, CRI, RIVE BIOSCIENCE, CGACC en CITRUS ACADEMY**